Oktober 2005

Dagsê al die belangstellendes in die gesiedenis van ou Pretoria,

Vandag iets oor die deel tussen Boomstraat en die Apiesrivier. Hieronder is ‘n deel van die kaart van Van Vooren en Oerder van 1889. Ek hoop om binnekort ‘n beter weergawe daarvan op die rekenaar te hê.




1. 2. 3. 4. 5. 6. 7.

1. Potgieterstraat 2. Schubartstraat 3. Kochstraat [Bosmanstraat]
4. Markstraat [Paul Krugerstraat] 5. St. Andriesstraat [Andriesstraat]
6. Van der Waltstraat 7. Prinsloostraat

School Plaats en die Berlynse Sendingkerk.

Bostaande foto kom uit Bolsma se boek “Artists’ Impressions” en die oorspronklike is te sien in die Kultuurhistoriese Museum. Dit is wonderlik as mens ‘n foto en ‘n kaart van dieselfde plek/gebied kan kry. Die skets is gemaak deur Dr. H.T. Wangeman. Die klippe op die voorgrand is die koppie regs van waar Langenhovenskool vandag is. Links in die agtergrond is Pretoria middestad met die toringkerk op Kerkplein. Die kerk is in 1882 gebou en dit dateer die foto dus na 1882.

Hoekom loop Boomstraat nie reguit nie?
Die volgende verklaring kom uit H.M. Rex se nagelate aantekeninge beskikbaar by die Herv. Kerkargiewe.

‘n Watervoor wat vanaf die 1850-er jare vanaf ‘n dam naby die huidige Trembrug in Esselenstraat, al met Du Tiotstraat tot by die huidige Busstalle geloop het, het die grens gevorm tussen die dorpserwe en die privaatgrond van J.J. Prinsloo en A.F. du Toit. Mettertyd het Boomstraat al aan die noordekant van die watervoor tot stand gekom. Dit gee ook ‘n verklaring waarom Boomstraat, na die oostekant toe, nie parrallel met Bloedstraat loop nie, want die grootte van sekere erwe is bepaal volgens die loop van die watervoor. Vir dieselfde rede loop Du Toitstraat vir ‘n hele ent ook met ‘n draai. Boomstraat was oorspronklik Schuttestraat genoem.

School Plaats en die Berlynse Sending
Die volgende uit Pretoriana Deel 3 no 1 p3. Eerwaarde Knothe [hy was die Duitse Sendeling] het die plaas Frischgewaagd gekoop en aan die sending geskenk. Dit het later bekend gestaan as Boomstraat 100 en vandag [1953] is die busloodse daar gebou. Die kerk, skool en huis van die onderwyser was nog in Visagiestraat en die inwonders van Boomstraat het Sondae soontoe gegaan en gedurende die week ook hul kinders, om daar die Evangelie en mooi gewyde liedere van die kerk te leer. In 1879 is ‘n groot kerk en ‘n nuwe skool in Boomstraat gebou en die sendeling het in 1880 sy nuwe huis daar ingewy. Die ou Sendingkerk is in 1953 afebreek.

Volgens Longland was die Duitse Lutherse Kerk in 1899 in Schoemanstraat oos met ds. F. Grunberger as Predikant. Ds. T. Villiers was die predikant van die sending kerk by School Plaats.

T.N. De Villiers [18 Februarie 1846 – 18 April 1925]
Oor Tielman Niewoudt de Villiers kan ‘n hele boek geskryf word. Dit is moeilik om te weet wat om te skryf en wat om te los. Op hierdie kaart van 1889 lê sy grond ongeveer tussen Schubart- en Kockstraat. Op ‘n kaart van 1899 [d.w.s. 10 jaar later] strek sy grond vanaf Schubart to by Markstraat. Hy noem die twee dele toe Belle Ombre en Sanssouci. In 1874, met die geboorte van een van sy kinders, word sy adres aangegee as Bluegum Villa. Of dit die huis in Boomstraat is kon ek nie uitvind nie.

Hy is vanaf 1869, of miskien vroeër, in Pretoria woonagtig. Dieselfde jaar doen hy aansoek om te praktiseer as notaris en in 1870 word ‘n lisensie as rondgaande handelaar aan hom toegestaan. [Dit is ‘n smous wat nie ‘n vaste winkel het nie.] In 1875 kry hy ook toestemming om te praktiseer as prokureur. Nou is hy een van die vername manne van die gemeenskap. Hy word kaptein van die Vrywilleger Korps, speel krieket vir die South African Born span en het ‘n perd wat aan aan die plaaslike perdereisies deelneem. Hy word later ‘n Vrymesselaar en is een van die stigterslede van die Pretoria Klub.

Die Regering verleen in 1889 aan hom vergunning tot dra van versiersels van orde van die “Militaire Portuguesa de Nosa Senhora da Conceiqua de Villa”. Dit is deur die Koning van Portugal aan hom geskenk is.

In 1897 word hy gekies as sekretaris van die Tydelike Stadsbestuur en help met die opstel van die Regulasies vir die Stadsraad.

As ek aan T.N. de Villiers dink, dink ek dadelik aan die wonderlike marmer standbeeld op die graf van sy seun Desireë in die Kerkstraat Begraafplaas. Desireë het gesneuwel tydens die tweede Anglo Boere Oorlog.

J.F. Celliers. [Rus en Urbe]

Die Terrein van die Nasionale Dieretuin het vanaf die 1860-er jare aan Kommandant-Generaal Stefanus Schoeman behoort, toe dit as "Klein Schoemansdal" bekend gestaan het. In die 1880-er jare het J.F. Celliers, die redakteur en eienaar van "De Volksstem" in besit van "Klein Schoemandal" gekom, dit "Rus in Urbe" genoem het en van sy plasie in die stad 'n lushof gemaak het. Terwyl die Celliers gesin hier gewoon het, is een van sy dogters met Anton van Wouw getroud.

In 1895 het die Republiekeinse Regering die plaas wat bekend gestaan as "Rus in Urbe" vir die bedrag van £8,500 aangekoop uit die boedel van Johannes Francois Celliers, stigter van "De Volksstem". Die grond was 'n deel van die plaas Daspoort 192 en is aangekoop met die doel om 'n Dieretuin te begin.

Na die Jameson inval 1895/96 is die planne vir die vestiging van 'n Dieretuin voorlopig gestaak. Die direkteur van Onderwys is toegelaat om die plaashuis van "Rus in Urbe" te gebruik as 'n tweede koshuis ["Tweede Staatstehuis"] vir omtrent 20 leerlinge van die Staatsgimnasium en die res van die grond is verhuur aan 'n kwekery. Gedurende die oorlog het die Rooi Kruis die huis gebuik as 'n "convalescent home".

Huis van Zagarias Pretorius

In die omgewing van die museum het in 1859 die huisie van Zagarias Pretorius gestaan. Met Stiemens se koms na Pretoria in 1859 as die eerste Goewerments-onderwyser was die Goewerments-skoolgebou op die Skoolerf aan die kerkplein nog nie gereed nie, en is Zagarias Pretorius se huis inderhaas deur landdros du Toit in gereedheid gebing om as tydelike skoollokaal gebuik te word. Du Toit skryf "dat wij morgen de school met 26 kinderen zullen doen beginnen in het oude huisje van oude Zagarias Pretorius". Spoedig het behulpsame en vaardige hande 'n bestaande hartbeeshuisie in 'n skool verander. Tafels en skoolbanke is gemaak en binne 'n week was die nuwe meester deur 'n twintigtal leerlinge omring. Waarskynlik het hierde tydelike skoolgebou op daardie stadium aan Wessel Schutte behoort en was dit geleë op 'n perseel wat vandag [1960] beslaan word deur die oostelike gedeelte van die Nasional Dieretuin [reg noord van die Museum]. Op die gedenkwaardige dag van 1 November 1859 het die eerste Goewermentsskool op Pretoria, in die hartbeeshuisie van Zagarias Pretorius onder leiding van H. Stiemens 'n aanvang geneem.

Stiemens en sy gesin het aanvanklik by J.J. Prinsloo, op die nabygeleë plasie Prinshof gewoon. In 1859 toe Stiemens in Pretoria aangekom het was daar 'n kerk, 'n kantoor, twee winkels en drie woonhuise. Die handjievol inwoners was bly om 'n onderwyser in hul midde te hê en het hulle beywer om die nuwelinge onderdak te verskaf. Stiemens en sy vrou en baba het hul intrek in 'n klein, maar gerieflike huis op een van die plase geneem. Saans is meel, vleis en ander benodighede ongevra gebring. Dit het die verhouding besonder veraangenaam, maar die aan die ander kant moes die meester en sy vrou heelwat ontbeer wat hulle in Holland as vanself beskou het. Mev. Stiemens moes brood bak en seep en kerse maak, meester Stiemens was verplig om sy eie skoene te maak en herstel.

De Waal. [Riversdale]

Cornelis Morgan vertel die volgende [Pretoriana Deel 1 Nrs. 3-4], Oorkant ons, dit wil sê aan die noordekant van Boomstraat het ou mnr. De Waal gewoon. Sy grond het tot by die Apiesrivier gestrek en aan die Dieretuin gegrens. Sy oudste seun was Johan en die tweede Eddie. Sy twee dogters was Margaretha en Joey. Die twee strate in daardie buurt [De Waalstraat en Margarethastraat] heet na die familie. Eddie en ek was groot maats en eendag het 'n kangaroe uit die Dieretuin ontsnap. Eddie het hom aan sy stert gevang. Net as hy spring tel ons die stert op – ons was bang hy sou ons byt. So spring-spring is ons na dr. Gunning en het toe 6d. gekry. Langs die De Waal's het mnr. Pierneef gewoon. Sy plek se naam was Prinshof. Sy twee seuns en ek was maats. Cor en ek het altyd voëls gevang en Hennie [die skilder] was ook een van ons. Ook

daar digby het die Hagen's en die Du Toit's gewoon. Die twee Du Toit seuns was Phillip en Stoffel. Stoffel het altyd op sy tone geloop en was later in die munisipale diens.

Prinsenhof

J.J. Prinsloo [Joggem Tweeduim] was die eienaar van 'n gedeelte van Daspoort, waarvan hy 'n gedeelte in 1853 aan Kmdt.-Genl. M.W. Pretorius verkoop het met die oog op die stigting van 'n dorp. Prinshof is egter deur hom uitgehou en die watervoor wat sy lande besproei het, was die grens tussen sy uitgehoue grond en die gedeelte wat hy aan M.W. Pretorius verkoop het.

J.H.M. Struben het vir 'n tydlank skoolgehou in 'n buitekamer op die plasie Prinshof, wat aan J.J.P. Prinsloo, een van die oorspronklike eienaars van die plaas Daspoort, behoort het. Hierdie huis was geleë ten ooste van die huidige [1960] Nasionale Dieretuin. Toe die buitekamer van Prinsloo gedurende Oktober, 1856 nie meer beskikbaar was nie, en die kerkgebou op daardie tydstip nog nie ver genoeg voltooi was om daarin skool te hou nie, het Struben – in werklikheid die eerste onderwyser van die eerste privaatskool van Pretoria – met ouderling J.F. Schutte raadgehou, waarop [volgens 'n brief van Schutte aan kommandant-generaal Prtorius] "Zijn Ed. Op zight nam om ons in de endkamer van uw huis alhier school te doen houden, tot tijd en wijle dat de Kerk ver genoegd voltooid is". Struben se skool kon toe vanaf 25 Oktober in een van die vertrekke van die Kommandant-generaal se woonhuis voortgaan. As gevolg van swak ondersteuning het Struben se skool aan die einde van 1857 gesluit.

T. Hove

Waar die pad na Nylstroom oor die Apiesrivier gaan was die bekende Hovesdrift. In 'n vorige brief het ek ook geskryf van die tolhek wat daar gestaan het. Dit was die groot pad na die Noorde. Daar was toe natuurlik nog geen pad oor die berg by die Dieretuin nie.

Hoop die brief het 'n kykie gegee in 'n redelik onbekende deel van Pretoria se geskiedenis.
Groete, Rosa Swanepoel

Die volgende van Anton Jansen

Het iemand miskien nog inligting?

Ek besef dat 1922 dalk nie baie oud is nie maar sien jy dalk kans om 'n bietjie in die koerante met name die Pretoria News van daardie jaar of die daarop volgende jaar te speur na die repurkusies wat die ontdekking van Toetankamen se graf op Pretoria gehad het? Daar is 'n gerug dat dat die palmbome in Universiteitsweg geplant is ter ere van die ontdekking. As dit waar is neem ek aan dat dit 'n hele paar maande na die ontdekking eers op die Stadsraadvergadering gedien het. Daarna moet daarvoor begroot word, die palmbome moet in hande gekry word, ens. ens.
As die gerug waar is wil die Egiptiese ambassade in Pretoria graag 'n *issue* daarvan maak en onder die 1999 Bewaringswet kan die laning 'verklaar' word.

Groete Anton